



# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

## Nuusbrief Newsletter

22 | 2024  
08 | 10 | 2024

### BELANGRIKE DATUMS

Do. 10 Okt.: Verbruiderstudie Dinee  
Vry. 11 Okt.: Matriek Uitstapdag  
Sat. 12 Okt.: HSB Gholfdag  
Di. 15 Okt.: Prestige-aand

### GELUKKIGE VERJAARSDAG

7 Oktober: Me Alerina Augustyn  
17 Oktober: Mnr Marius van der Vyver



### PERSONEEL



Ons verwelkom graag vir me Belinda Richter by die BD-familie. Me Richter sal hierdie kwartaal Engels in die plek van me Isaacs onderrig.



### AKADEMIE

#### ROBOTICS

The robotics team participated in the SITA challenge in Port Elizabeth from 24 - 27 July. They presented their project, the FREEDOM FLIGHT - HIV Drone Delivery System, at the Radisson Blu Hotel in Gqeberha. The team members were (fltr on photo) Daniël Fourie, Kaylee Nel, Jessica Burger and Stephan Lochner. They were escorted by Miss L Lombard.

Even though they did not win any prizes, the experience was something our BD's won't forget. They learned about team work, patience, and how to approach public speaking. They also had a few motivational speakers encouraging them to be confident and keep on working on their dreams.

Daniël Fourie also danced his way into a prize during one of the spot competitions.

Well done we are proud of you!



### KOSHUISPERSONEEL: 10 JAAR DIENS

Mee Andeline Opperman, Brenda Apollis en Marianna Europa (vlr op foto) het op 1 Oktober hul 10de WKOD-diensjaar bereik. Heldersig Koshuis is baie dankbaar vir hierdie drie voorvatters in hul midde. Hul deernis met die Heldersig-inwoners, hul vriendelikheid, die lekker kos, silwerskoon kamers, soms lang werksure wat met 'n glimlag aangepak word en die ekstra myl wat hul vir die BD's stap, maak nie net van hul uitstekende werknemers nie, maar maak hul ook geliefd by die personeel en leerders. Heldersig Koshuis waardeur jul en wens jul alle voorspoed toe vir die volgende 10 jaar.

## VRL 2025

Baie geluk aan die BD's wat tot die VRL van 2025 verkies is. Ons vertrou hul sal hierdie groot verantwoordelikheid baie geniet.

### MATRIEKRAAD 2025



**Mieke Saayman**



**Suzanne Pretorius**



**Junicke Newman**



**San-Mari Rossouw**



**Minke Terblanche**



**Hope Summers**



**Ruan Temmers**



**Willem Strauss**



**William Swartbooi**



**TJ Du Plessis**



**Alexander Janse Van Rensburg**



**Cole Coetzee**



**Marc-Lee Kapot**

GR 8



**Lisa Bredell**



**Lindzè Diedericks**



**Bradley Zindonda**



GR 9



Malienke Van Wyk



Cleon Summers



Nina Terblanche

GR 10



Hope Marais



Sylvia De La Fontaine



Brent Sinani

## KULTUUR

### BDs SE JUST DANCE-LEERDERS PRESTEER BY MONTAGU EISTEDDFOD

Die BD's se dansgroepe wat klas het by mnr Marlon Olivier, het uitstekende uitslae by die onlangse Montagu Danseisteddfod behaal. Baie dankie vir ure se toewyding onder leiding van mnr Olivier. Hierdie mooi prestasies maak beslis vir HSB baie trots.

Die groepuitslae is as volg:

**INTERMEDIATE :**

Hip-hop groep - Goud

Hip-hop duet: Logan Pick & Jay-Lee Abrahams - Goud

Modern Solo: P. J October - Cum Laude

**ADVANCED:**

Hip-hop duet: Hope Summers & Janell Diedricks - Silwer

Hip-hop trio: Sylvia de la Fontaine, Hazel Hendricks en Chloé August - Goud

Studio Set Solo

Sylvia de la Fontaine - Goud

San-Mari Rossouw - Cum Laude

Hip-Hop groep

Cum Laude

Die Advanced Hip-Hop groep is as die beste Hip-Hop item (trofeeewenners) by die Eisteddfod aangewys.



#### ADVANCED GROEP

Agter vlnr: Mnr M Olivier (afripter), Sylvia de la Fontaine, Janell Diedricks, Hazel Hendricks, Hope Summers, Lioneshia Visser, Amy Hendricks, Jawon Gabriels

Voor vlnr: Gevannie van Rensburg, Gerlynn Mountoud, Cate-Lynn Jansen, Marc-Lee Kapot, Taygan Jameson, San-Mari Rossouw, Chloe August



#### INTERMEDIATE GROEP

Agter vlnr: PJ October, mnr Marlon Olivier, Daniel Fourie

Voor vlnr: Jay-Lee Abrahams, Stephanie Anderson, Dominique Ludik (privaat), Logan Pick



### BD WITH THE GOLDEN VOICE EXCELLS

Well done to Janell Diedricks, gr 11, who excelled in Singing at the Montagu Eisteddfod. Janell received the Ferroll-Jon Davids trophy for the most promising student. Congratulations Janell!



### VRL-UITSTAPPIE

Die nuutverkose VRL vir 2025 het beslis waardevolle vaardighede aangeleer tydens hulle opleiding wat verlede Vrydag in Struisbaai plaasgevind het. Hulle het die spanbousessie onder leiding van ds Pieter Nel, beslis geniet. Buiten waardevolle inligting oor leierskap en effektiewe kommunikasie wat gedeel is, het hulle entoesiasies deelgeneem aan al die pretaktiwiteite.

Baie dankie aan mee Eloïse Nel en Estelle Genis, VRL-skakelopvoeders, wat die leerders vergesel het.



### WOORDFEES

'n Groep BD's het verlede week die drama "The king of broken things" by die Woordfees bygewoon. Hulle kon hulle verlustig in die talent van die aktrise wat haar rol in dié eenvrouvertoning meesterlik vertolk het. Verskeie kunsuitstallings en 'n voorstelling van hoe speelgoed oor dekades in Suid-Afrika verander het, is by die Universiteit Stellenbosch besigtig. 'n Besoek aan die ATKV-boeketent was ook interessant. Daarna het hulle die Universiteitskampus te voet verken. Veral die besoek aan die Neelsie Studentesentrum was, naas die vertoning, 'n hoogtepunt van dié lekker dag in Matieland.





**MATRIEKAFSKEID 2024**

Vir 'n meer elegante aand kon ons nie gevra het nie. Ons matrieks het almal asemrowend gelyk. Die klubhuis was stylvol ingerig om die eregaste van die aand, die 2024-matriekklas en hulle metgeselle, met warm gasvryheid te ontvang. Die besondere venue, heerlike kos en lekker saamlag en dans, is herinneringe wat almal nog lank sal bybly.

A big thank you to everyone who worked hard to make the evening such an amazing success, especially Miss Elza Olivier, her team and BD Supporters Club.







## JAARTEMA: CONNECT

### KWARTAALTEMA Connect Community

#### MATRIEKS VAN 1984 GENIET HUL REÛNIE

Die matriekklas van 1984 het op Saterdag, 5 Oktober, hul 40 jaar-reÛnie gehad. Die oggend is afgeskop met groot gesels om ontbyttafels in die dorp. Mev Wessels het daarna die skool soos hy tans daar uitsien, aan belangstellendes gewys. Die aand se funksie in die klubhuis was so lekker dat die groep maar langtand huiswaarts gekeer het.

Die 1984 matrieks was 31 in totaal, waarvan twee oorlede is. Die reÛnie is deur twee-en-twintig 1984-BD's bygewoon.

Baie dankie aan mnr Dirk Uys (matriek 1984) wat verantwoordelik was vir al die reÛlings.



Agter vlnr: Christa Havenga (hoofdogter), Charlotte, Elisma, Lindie Meyer, Joleen du Toit, Thelma Crafford, Estelle Bester, John-Pierre Viljoen, Cornie van Niekerk  
Voor vlnr: Lynn du Toit, Manie Badenhorst, Dirk Uys



### KRIEKET

Die O.19A-Krieketspan het gedurende die vakansie aan die Hoërskool Punt – krieketfees deelgeneem.

Die uitslae van die wedstryde wat gespeel is, is as volg:

Saterdag, 21 September 2024

Wen teen Hoërskool Swartland met 3 paaltjies.

Beste bouler: Cobus Breytenbach - 4 paaltjies vir 13 lopies.

Beste kolwer: Conrad Bothma - 38 lopies

Maandag, 23 September 2024

Wen Hoërskool Oudtshoorn met 4 paaltjies.

Hoërskool Oudtshoorn teken 65 lopies aan.

Beste bouler: Zandré Le Sueur - 5 paaltjies vir 16 lopies

Beste kolwer: Kiethon Arries - 17 lopies

Dinsdag, 24 September 2024

Verloor met 24 lopies teen Charlie Hofmeyr

Beste bouler: Conrad Bothma 3 paaltjies vir 7 lopies in 4 beurte.

Beste kolwer: Ryan Wright 30 lopies

Baie dankie aan die volgende BD-afrigters/-onderwysers wat die spelers vergesel het:

Mnr Werner Ströh

Mnr Christopher van Niekerk

Mnr Marius van der Vyver

'n Baie groot dankie aan die volgende borge wat danksy hul borgskappe hierdie onvergeetlike toer moontlik gemaak het:

- **B Cubed Developments**, ontwikkelaars in die gesogte Midstream Estate (<https://b3dev.co.za/#v>)

- **MDSA project management**

- **Kontantdonasies ontvang**



**HOËRSKOOI BREDASDORP**

**GHOLFDAG 2024**

Met trots geborg deur **PSG Wealth Insure** en **Afrivet**

**SATERDAG 12 OKTOBER 2024**

KANDIDATSLAAN: 08:30 vir 9h30  
PLEK: Bredasdorp Gholfkлуб  
FORMAAT: 4BBB  
KOSTE: R1600 per 4 Ball  
Koste sluit ete en baanfoer in

STILVEILING GEDURENDE TOERNOOI

**BESPREKINGS:**  
ELMARIE VAN WYK  
028 424 1855  
info@bredasdorpgolfsklub.co.za

**BORG 'N PUTJIE TEEN R2000!**  
Kontak Me C. du Toit by  
akademie@hnbredasdorp.co.za

AMPTELIKE EN NIE-AMPTELIKE PRYSUITDELING

**PSG Wealth Insure**

### VERBRUIKERSTUDIEDINEE (Gr 10-12 Verbruikerstudieleerders)

TEMA: "Enchanted Forest"

DATUM: 10 Oktober 2024

WAAR: Skoolsaal

3-GANG MAALTYD  
DANS

(Ander grade se leerders  
mag bywoon as metgesel)



**KWARTAALTEMA**  
Connect Community

**JAARTEMA:**  
**CONNECT**





Foto: Mieke Saayman en TJ du Plessis saam met lede van die Umeå Munisipaliteit in Swede.

Kaap Agulhas Munisipaliteit het as deel van 'n driejaar kontrak met Umeå Munisipaliteit in Swede waarin kennis en ondervinding gedeel word, op 1 Oktober 'n gesprekprogram met 'n Sweedse afvaardiging by die Arniston Hotel gehou. Mieke Saayman en TJ du Plessis het Hoërskool Bredasdorp verteenwoordig. Die doel is om Jeugdeelname in plaaslike munisipaliteite te verbeter met die fokus op gelykheid, deursigtigheid en aanspreeklikheid.



## HOËRSKOOI BREDASDORP en Quiz Masters SA



Donderdag, 18h00  
7 November 2024 Gholfsklub

R250 pp / R2500 per tafel (10 mense)

Kaartjies sluit in 'n heerlike ete.  
Verskeie pryse om te wen!

Kom toets jou algemene kennis  
en kuier lekker saam!

Bespreek jou tafel by 072 981 9050.

